# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 8

## Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 8

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

## Heidelbergse Kategismus

Sondag: 8

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele:

- die eerste handel oor God die Vader en ons skepping;
- die tweede oor God die Seun en ons verlossing;
- die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 8

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Deuteronomium 6:4: LUISTER, ISRAEL, DIE HERE IS ONS GOD, DIE HERE ALLEEN.

Jesaja 44:6: So sê die HERE, die Koning van Israel, die Een wat hom loskoop, die HERE, Heerser oor alle magte: "Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste.Buiten My is daar geen God nie.

Jesaja 45:5: Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen god nie. Ek omgord jou, al het jy My nie geken nie,

1 Korintiërs 8:4-6: Wat die eet van afgodsoffers betref, weet ons "Daar bestaan geen afgod in die wêreld nie," en "Daar bestaan geen god nie, behalwe Een." Selfs al is daar inderdaad sogenaamde gode in die hemel of op die aarde, en net so ook baie "gode" en baie "here" – Vir ons egter is daar een God, die Vader, uit wie alles is, en ons vir Hom, en een Here, Jesus Christus, deur wie alles is, en ons deur Hom.

Efesiërs 4:4-6: een liggaam en een Gees, soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is: een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 8

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het

Genesis 1:2-3: Die aarde was woes en leeg, en donkerte was oor die oerwater. Maar die Gees van God het oor die water gesweef, en God het gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig.

Psalm 33:6: Deur die woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die asem van sy mond die hemel se hele leër.

Jesaja 6:1: In die sterfjaar van koning Ussia het ek my Heer sien sit op 'n hoë en verhewe troon. Die some van sy kleed het die tempel gevul.

Jesaja 6:3: Hulle het na mekaar geroep en gesê: "Heilig, heilig, heilig is die HERE, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlikheid."

Jesaja 48:16: Kom nader na My toe! Luister hierna: Van die begin af het Ek nie in die geheim gepraat nie, vanaf die tyd dat dit gebeur het, is Ek daar." En nou het my Heer, die HERE, my gestuur, en ook sy Gees.

## Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 8**

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het

Matteus 3:16-17: Nadat Jesus gedoop is, het Hy dadelik uit die water opgestaan. Meteens het die hemele vir Hom oopgegaan en Hy het die Gees van God soos 'n duif op Hom sien neerdaal.En meteens het 'n stem uit die hemele gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.”

Matteus 28:19: Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees,

Lukas 4:18: “Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die goeie boodskap aan arm mense te verkondig. Hy het My gestuur om vir gevangenes aan te kondig dat hulle vrygelaat sal word, en vir blindes dat hulle weer sal sien, om onderdruktes te bevry,

Johannes 14:26: Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het.

**Parakleet:** Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Johannes 15:26: “Wanneer die Parakleet kom wat Ek van die Vader af aan julle sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 8

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het

2 Korintiërs 13:13: Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly met julle almal.

Galasiërs 4:6: En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader!”

Efesiërs 2:18: Want deur Hom het ons albei toegang tot die Vader deur een Gees.

Titus 3:5-6: het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees, wat Hy ryklik oor ons uitgegiet het deur Jesus Christus, ons Verlosser.

1 Johannes 5:7-8: Want daar is drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en hierdie drie is dit eens

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 8

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

SONDAG:8 - VRAAG EN ANTWOORD: 24
Vraag: Hoe word hierdie artikels ingedeel?
Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

SONDAG:8 - VRAAG EN ANTWOORD: 25
Vraag: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees? 1

1 Deuteronomium 6:4; Jesaja 44:6; Jesaja 45:5; 1 Korintiërs 8:4-6; Efesiërs 4:4-6

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het2 dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

2 Genesis 1:2-3; Psalm 33:6; Jesaja 6:1; Jesaja 6:3; Jesaja 48:16; Jesaja 6:1; Matteus 3:16-17; Matteus 28:19; Lukas 4:18; Johannes 14:26; Johannes 15:26; 2 Korintiërs 13:13; Galasiërs 4:6; Efesiërs 2:18; Titus 3:5-6; 1 Johannes 5:7-8